
PLANTSAP™
Talking " Plant " is our business

PlantSap™ is 'n spesialis instrument wat vir die gewasspesialis in staat stel om vir die landbousektor die mees omvattende data te verskaf om korrekte en insiggewende besluite te neem.



# Wat is PlantSap™ en wat maak ons anders?

PlantSap™ gebruik 'n voedingsgradïent metode om presiesie inligting te genereer wat 'n duidelike in-tydse insig gee in die gesondheid- en voedingstatus van die plante.



**Ons skep vir jou die geleentheid om Pro-aktief te reageer.**

Die analise gee vir die gewasspesialis 'n maklik verstaanbare verslag met grafieke om die voedingsgradient te bepaal en te weerspïeel. Drie tipes uitkomste van die analise word gegee naamlik – voldoende, tekortkoming en oorvloed. Die verslag sal vir die gewasspesialis die geleentheid bied om 'n totale oplossing aan sy klïente te verskaf, deur al die belangrike merkers in ag te neem en met tekortkominge of oorvloed 'n oplossing te verwerk. Die verslae sal die gewasspesialis in staat stel om die optimale produk seleksie te maak.

Omdraaityd is 5-7 werskdae van monsterneming tot resultaat beskikbaarheid. Die kort omdraai tyd gesamentlik met 'n baie wye merkers verslag sal die gewasspesialis die geleentheid bied om vir die boer 'n intydse oplossing te bied wat probleme kan oplos. Ons skep vir jou die geleentheid om Pro-aktief op te tree en nie reaktief nie.

Grondmonsters bly 'n standaard praktyk wat waarde bied. Plantsap analise is egter 'n refleksie van voedingstowwe wat beskikbaar is in die grond. Die twee metodes is dan aanvullend tot mekaar.

Die PlantSap™ diens as 'n geheel word onderskryf deur leiers in die velde van laboratorium tegenieke, plant fisiologie/biochemie en plantvoeding. Die kundiges was deurentyd betrokke met die ontwikkeling, vordering, navorsing van tegnieke en die totale oorsig van die projek.




Ons laboratorium gebruik plantsap van geselekteerde blare en toets vir 25 merkers wat 'n totale oorsig aan die gewasspesialis verskaf. Die merkers wat ons toets is:

Globale merkers: Brix, pH, EC, Chlorophyll.
Stikstof: Nitrate, Ammonium, Nitrite, Totale N en NTE (Nitrogen Transformation Efficacy).
Makro elemente: P, K, Ca, Mg en S.
Mikro elemente: B, Mn, Cu, Fe, Zn en Mo. Others - Si, Ni en Co
Kritieke merkers: Na, Cl, Al, NO2 en B.

# Wat is die verskil tussen 'n PlantSap™ monster en 'n blaarmonster?

Die grootste verskil tussen 'n tradisionele blaarmonster en PlantSap™ is dat PlantSap™ analiseer die sap in die blaar en 'n blaarmonster weer die weefsel. Die tradisionele blaarmonster gee vir jou die somtotaal van voedingstatus in die vorige 28 dae, wat gemanifesteer word in die plant se weefsel. Plantsap™ analisering is die huidige intyd refleksie van die huidige gesondheid - en voedings status van die plant. Tydens prosessering word die tradisionele blaar uitgedroog, verwerk en weefsel word ontleed, maar Plantsap™ ontrek die onversteurde sap en analiseer dit dadelik. Die omvattende inligting sal aan die gewas spesialis verskaf word. Tydens die tradisionele blaarmonster is die kontaminasie agv blaar bespuitings 'n standaard probleem wat die integriteit van data bevraagteken. PlantSap™ se prosedure laat nie toe vir kontaminasie wat data integriteit bevestig.

## Plantsap™ - Tegniek

Die analise van Plantsap is 'n tegniek wat reeds suksesvol wêreldwyd toegepas word. Die Plantsap™ diens het die beste tegnieke nagevors en ons eie innoverende produk tevore gebring.

PlantSap™ is uniek in die sin dat inligting vanaf die plant verskaf word in ware-tyd. Die inligting kom direk van die plant af wat die mees akkuraatste is.


Monsterneming en die seleksie van spesifieke blare se prosedures sal bespreek word aangesien daar te veel veranderlikes van toepassing is. Plantsap™ opleiding en akkreditasie moet eers geskied.



# Kostes en Ontledings:

Die koste per monster word individueel hanteer afhangende van bestuursblok grootte, hoeveelheid moniterings in 'n groei seisoen, asook tipe gewas wat getoets word.

# Plantsap™ toepassing:




**Die hele proses word gedryf deur sagteware om korrekte prosedures te verseker.**

Jan vd Merwe Pr.Sci.Nat
jan@farmprof.net
www.plantsaptm.co.za
Cell: Jan - 079 732 6060
Cell: Henru - 081 351 3138

PlantSap (Pty) Ltd 2020/654559/07
BASOS A0055 AVCASA A1338
PSCA 21 2001 SA Ass of Consultants
PLANTSAP™